



## Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

3 Februarie 2022

### Gedagte vir die week:

In die besige **wêreld** is wag onnodige tydmors.  
In die besige **lewe** is wag 'n broodnodige belegging.

### Vertretpunt:

Handelinge 2:1-13

### Meditasie uit die Woord:

Die laaste opdrag van Jesus aan sy dissipels was om te wag en te gaan. Let op die volgorde. Eers wag, dan gaan. En wanneer hulle, vreemd aan hulle, geduldig wag, dan gebeur daar iets wonderlik. Dit is iets wat in die teks beskryf word as verrassend, verbasend, verwarrend en as uit die veld geslaan! Eintlik verstommend. Daar is dinge wat die lewe van ons vra wat ons nie kan doen sonder buitengewone verrassende, verbasende, verstommende Goddelike hulp en ingrype nie. Voorbeelde hiervan is dat ons nie van ongelowige mense gelowige mense kan maak nie, ons kan nie van immorele mense morele mense maak nie, ons kan nie van wrede mense liefdevolle mense maak nie, ons kan nie mense wat mekaar haat met mekaar versoen nie, ensovoorts. Daarom moet ons leer om met 'n **ver-WAG-ting** lewe. Die gelowige dokter en fisioterapeut en arbeidsterapeut sal terwyl hulle met die verlamde pasiënt werk saggies neurie: "Kom, Skepper-Gees, skenk ons u krag, vul ons met moed vir elke dag. Ook wanneer pyn en sorgte knaag, sal ons met ywer werk en waag". En so sing die sielkundige en die dominee en die onderwyser en die pa en die ma en die vriend en die vriendin. So sing almal wat weet wat dit beteken om mens te wees. Ons weet ons moet **eers wag, eers bid** en dan eers gaan. Ons kan nie alleen nie, ons kan nie in eie krag nie. En wanneer ons dan uiteindelik gaan en gehoorsaam ons bietjie doen dan word ons weer eens verras, verbaas, verstom! Ek wil só lewe, ek wil deel wees van só 'n geloofsgemeenskap, 'n geloofsgemeenskap met 'n Geeskultuur, 'n gemeente vol van **ver-WAG-ting**.

### Reisgesprek en Youtube-skakel:

**Op Sondagoggend 6 Februarie 2022 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou.** Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/vY3swJm4WNM>

### Meditasie uit die Lewe:

Ons wil so graag die gemeente waar God ons almal geplaas het, bietjie meer en beter struktureer met die oog op die toekoms. Ons wil egter nie dat enige struktuur ons kultuur seermaak nie. Ons wil dus nie 'n van-bo-af struktuur skep waar daar weer 'n Egipte-kultuur van slawerny geskep word nie. Ons was al daar, ons wil nooit weer daar wees nie. Egipte is nie 'n opsie nie. Ons wil nie weer mense verkies tot rade en komitees en kommissies en hulle só in 'n hoek druk vir 'n gedwonge antwoord nie. Ons wil nie weer nie. Ons wil nie weer geld kollekteer en kontroleer nie. Ons wil nie weer nie. Ons wil graag dat mense biddend luister na die fluisteringe van die Gees en self hoor waar en hoe en wanneer en wat. Ons soek God-geïnspireerde betrokkenheid en aktiwiteit wat korreleer met Godgegewe gawes en vermoëns. In plaas daarvan dat ander mense jou met hand-opsteek kies en instem, wil ons eerder dat jy sélf jou hand opsteek vir waarvan jy ookal oortuig is. Gaan dink biddend hieroor en wees gehoorsaam. Langs hierdie weg sal ons die beloofde land ontdek. Die NG Gemeente Agter-Paarl word Kanaan! Nie meer in Egipte, ook nie in die woestyn nie, maar tuisgekome in die land van melk en heuning. Kom droom saam, kom bid saam, kom werk saam! Jy is genooi!

### Aantekeninge:

1. 'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.
2. **As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na [ngkagterpaarl@telkomsa.net](mailto:ngkagterpaarl@telkomsa.net) of [nortierjohannes6@gmail.com](mailto:nortierjohannes6@gmail.com)**